**Skriflesing:** Johannes 20:1-18
Teks: **Johannes 20:16-17**
**Sing-** SAMESANG-Ps.142:1,5 (Mel- Ps.134)
TYDENS EREDIENS- Ps.138:1,4; Ps.86:1,2; Ps.25:2,3; Ps.98:3,4
Verlede Sondag was deel van Paasfees, broeder en suster. Watter geweldige omvang van gebeure, as ons besef dit wat alles in ons terme in ôn naweek gebeur het! Daardie Vrydag tot Sondag het Jesus lankal so saamgevat, nog vóór dit alles gebeur het! Hy noem dit twee klein tydjies- Johannes 16:19- *'n Klein tydjie en julle sal my nie sien nie en weer 'n klein tydjie en julle sal my sien...*Dan kom ook v.20- *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle , julle sal ween en rou bedryf, maar die wêreld sal bly wees. En julle sal bedroef wees, maar julle droefheid sal in blydskap verander...*

Hierdie tydjies waarvan Jesus praat- twee tydjies is waarna ons vanoggend moet begin kyk. Trouens as dit die Here se wil is, wil ek dat ons in ôn reeks hierby moet stilstaan want ons lewe wat op hierdie aarde ook maar ôn tydjie is word letterlik deur die tydjies waarvan Jesus praat in beslag geneem. As daardie tydjies van Jesus nie jou en my tydjies in beslag neem nie, dan het so iemand ôn groter probleem as wat woorde kan beskryf. Jesus praat eerste van*... 'n klein tydjie en julle sal my nie sien nie.* Dit is tog sekerlik wat Vrydag tot Sondag gebeur het. Daardie klein tydjie wat Jesus in die graf sou wees. Waar mense naby Hom, verslae, stukkend gebreek, hartseer was. *'n Klein tydjie...* wat ôn tydjie van totale ontreddering was. Ons Verlosser was dood...*hulle kon Hom nie sien nie...*maar watter genade om te weet Hyself het in dieselfde asem gesê- ...*weer 'n klein tydjie en julle sal my sien...*

***

Daardie Sondag van die opstanding het dit begin. Mense het vir veertig dae Hom weer kon sien. Daardie SIEN van die Here, is waarmee ons vanoggend mee moet begin. Hierdie reeks wil besig wees met tien keer se sien, ten minste is daar tien verskyninge van Jesus gewees in veertig dae se tyd nadat Hy uit die dood opgestaan het... ôn *klein tydjie en julle sal my sien...* En wat ons vanoggend in hierdie ñklein tydjieò moet aangryp is dat vyf van hierdie tien verskyninge het reeds op daardie eerste ware Sondag plaasgevind. Op die dag van Jesus se opstanding verskyn Hy aan Maria Magdalena, Hy verskyn aan die ouer vroue, Hy verskyn in Judea aan Petrus, Hy verskyn aan die Emmausgangers en sy vyfde verskyning laat daardie Sondag was aan die vergaderde gemeente daar in die bo-vertrek, die Paassondagaand. Vyf verskyninge op ôn enkele dag. Watter gelade dag in ons as gelowiges se lewe was

daardie eerste Sondag van die opstanding! Die ander vyf verskyninge het oor die verloop van 39 dae plaasgevind, maar vandag is ons by een van vyf!

***

Dit was nog nag, ja baie vroeg daardie Sondagmôre en dit begin alles daar waar dit donker was. Die donkerte van die graf, die Seun van God se graf, herinner aan die donkerte van toe alles op hierdie aarde nag was om ons heen. *Die duisternis was op die wêreldvloed en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê laat daar lig wees en daar was lig.* Dit wat hierdie Sondagmôre baie vroeg gebeur het, is soos om van voor af te besef dit is waarlik God wat lewe. Hy is die Een wat skep, nuwe lewe in sy Seun geskep. Dit is weer soos met die skepping, niemand wat dit kon aanskou nie. So is daar by die skep van nuwe lewe by daardie belangrikste graf wat daar nog ooit was, niemand wat dit kon aanskou nie. Die onsigbare word sigbaar en dit is wat in die volgende veertig dae na die opstanding al hoe duideliker sigbaar moes word.

Elke verskyning van Jesus werk eintlik dan ook verder soos met die skepping. Dit word in presiesheid uitgevoer. Dit is nie maar sommer lukraak, hier aan iemand en dan sommer weer daar onbeplan aan iemand anders asof daar nie orde in die verskyninge is nie. God is altyd ôn God van orde. Ons kan aanvaar dat alles presies vooruit beplan is. Daar is by elk van die verskynings sulke wesentlike opdragte gegee wat mense se geloofslewe ten diepste raak. Dit mag jou geloofslewe in geen opsig minder raak nie. Ons geloofswerk, dit wat die Here nou nog van ons verwag word deur hierdie verskyninge ten nouste geraak. Daardie unieke, nuwe lewensgemeenskap wat ons met die opgestane Here moet uitdra is wat al hoe duideliker na vore moet kom.

Jesus maak dit so duidelik dat na sy opstanding word die heilige bande van die verbond net nog meer heilig, dit word net nog sterker bande. Voor sy opstanding het Jesus bv. nooit van sy dissipels gepraat dat hulle sy broers is nie. Na sy opstanding verwys Hy in besonder na sy dissipels as my broers, hulle is meer as maar net vriende soos wat daar vantevore sprake was. Na sy opstanding word daar so duidelik gesê, van *my God is julle God, my Vader is julle Vader.* Dit is aan sy broers, aan sy susters wat Jesus na sy opstanding verskyn. Mense wat nie maar kennisse was nie, maar dit

gaan oor ôn ware lewensgemeenskap met God die Vader wat na die opstanding gesmee word. Die verbond word ongekend innig.

Toe Jesus mens geword het, het hy een van en iemand soos ons geword, (in alle opsigte uitgesonderd die sonde) sodat ons ook nou waar en werklik soos Hy kan wees- sy eie vlees en bloed. Waarlik deel van sy liggaam. Soos wat God altyd nog in alles waarlik Jesus se God en Vader was, so is God nou ook jou en my wettige en eie Vader en God ...en Jesus ons eie broer! Die wonderlikste huisgesin wat daar nog nooit kon wees nie, is deur Jesus se kruis en opstanding bewerkstellig en sy verskyninge is bevestiging hiervan. Ons het deel van hierdie huisgesin kon word. God wat nie sluimer of slaap nie. In Jesus Christus maak Hy Hom by elke verskyning net nog duideliker bekend as Een wat sorg en in sy voorsienigheid ons vooruit sien. Hierdie gemeente hier, deel van die liggaam van Christus, watter voorreg om te weet wie waarlik deel is van die kerk, is deel van wat as ons hemelse ouerhuis gesien moet word. *Jerusalem daarbo is vry*, maar sy is ons familie, sy is ons moeder, *ons moeder daarbo...die moeder van ons almal.*

Met sulke vryheid, met wat geen moeder nog ooit kon doen nie, het God as Vader vir ons daardie Sondagmôre sy huis se deure oopgemaak, die graf is oopgemaak. Die voorhangsel van die tempel, daar waar daar nog verhinderinge was, daardie voorhangsel is stukkend geskeur, die deur is weg. Daar is ôn nuwe deur wat jou en my na God toe lei en dit is deur Jesus Christus alleen. Hy wat met sy verskyninge dit duideliker en net nog duideliker maak, Hy is nie dood nie, ons moet weet, Hy lewe.

***

So maklik kan ons vasgevang raak aan die kruis en die verskriklike lyde, ja soos wat Hy vir ons deurboor is, die Een na Wie Maria Magdalena daardie oggend ook na wou teruggaan. Sy wat so baie keer in sy lewe op aarde aan sy voete was, ja sy was waarlik ôn voete-vrou, as ons haar teëkom, dan is dit waar ons haar kry, aan sy voete. So was sy aan Jesus se voete ook later toe sy van Magdala na Bethanie reeds verhuis het, toe Martha haar suster haar verkwalik omdat sy in die voorbereiding van die ete nie help nie. Die een wat die goeie deel uitgekies het as Jesus vir haar suster sê- *Martha, Martha... jy is besorg en verontrus oor baie dinge: maar een ding is nodig*....En dan word hierdie één ding juis by hierdie Magdala vrou aangetref- *Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie..*

Dit was sy wat baie kosbare salf op Jesus uitgegiet het, sy voete afgedroog met haar hare... Sy wou na Jesus se dood- daardie Sondag-oggend meer as net sy deurboorde voete, sy wou sy liggaam gaan versorg. Sy die voete-vrou wie se lewenspad met Jesus begin wat in haar naam ook staan, Maria van Magdala...Magdalena.. Magdalena wat letterlik beteken Vistoringstad...Magdala is ôn vissersdorp aan die weskus van Gallilea... sy van hierdie vissersdorpie het in haar agtergrond dit eintlik maar dieselfde gehad as baie van die manne met wie Jesus gewerk het, baie van sy dissipels was vissers, vissermanne. Maria het in hierdie Magdalastad ongelukkig nie visse by haar gehad toe sy Jesus leer ken het nie, maar duiwels. In Luk.8 daar waar haar pad met Jesus begin het, het dit begin waar Jesus sewe duiwels uit haar uitgedryf het. Sy wat na hierdie duiwel-tyd begin het om uit eie middele Jesus te versorg en te onderhou. Hoeveel sy werklik aan Jesus sou bestee maak die Bybel nie somme nie, maar ons kan maar net aanvaar dit wat sy sou ontvang is in alle geval onberekenbaar.

Hierdie vrou van Vistoringstad, van Magdalena, kom dus eintlik naby van waar Jesus die grootste deel van sy kinderjare grootgeword het. Sy het seker eers later na haar familie in Betanie verhuis, daar waar Martha haar suster was, en ook Lasarus haar broer. Die Lasarus wat so 7km van hier waar Jesus nou is, 7km.van Jerusalem, was daar al klaar ôn opstanding uit die dood, toe Jesus vir Lasarus opgewek het. Nou staan die grootste opwekking van alle opstandings dou voordag hierdie Sondag haar en inwag. Sy weet dit nie!

***

Sy wou sy liggaam gaan versorg. Saterdag-laat, die sabbat sopas verby, het juis sy gesorg, saam met ander vroue om solank alles gereed te kry, die speserye en nodige salwe is gekoop om sy liggaam daarmee te gaan balsem. Die vroue in die Here se kerk het nog nooit geglo hulle is werkloos nie. Daar is nie ôn amp nodig om vir die Here te werk nie. Daar wys sy dit, die eerste wat sy doen, is om te wil gaan help, om te wil versorg, om waar die liggaam, so glo sy dit, dood is en gaan verrot, om die liggaam te help, om te keer dat ontbinding nie ook haar hierdie liggaam ontneem nie.

Sy is helper, sy wil dit wees, maar God wys eerste vir ôn vrou, nie vir ôn man nie, dat Hy die vrou gebruik om nie net helper te wees nie, maar lewe-gewer te wees. Die

vrou in die paradys was die eerste wat die mens die lewe ontneem het, sy het eerste gesondig, maar hierdie lewe-ontnemer kry deur God onuitspreeklike genade, net soos wat sy hulp moet wees, waar God Homself dikwels ook ons Helper noem...dit wat God is, dit wil Hy deur die vrou in sy kerk ook wees- Helper... So is die vrou in die kerk nie net die hulp wat pas nie, maar die vrou in die Here se kerk is die lewe-gewer by uitstek. Adam gee sy vrou selfs ôn lewegewende naam- Evað want sê hy ...*omdat sy moeder geword het van alles wat lewe...*Die moederbelofte sê dit alreeds- die slang se kop sal deur Een aan Wie sy lewe sou gee vermorsel word. Trouens Maria, die moeder van Jesus wat juis lewe-gewer was en dit sonder ôn man...

***

Hierdie ander Maria, Maria Magdalena het in haar lewe nooit ôn man gehad nie, maar watter wonderlike verskyning as ons besef die éérste aan wie Jesus verskyn het, nadat Hy dood was, was juis aan hierdie oujongnooi, aan ôn vrou en nie aan ôn man nie...en wat hierdie eerste verskyning ons tot in ons diepste geloofslewe moet ruk is dat die Here bring lewe waar dit dood was.

Sy het toe sy by daardie leë graf vroeg daar aangekom het, dit eenvoudig aanvaar dat die slegste gebeur het. Iemand het Jesus se liggaam gesteel. Nou is daar werklik vir my niks oor nie. Sy het omgedraai, wou gaan hulp soek. Petrus en Johannes word die eerste aan wie sy hierdie skok meedeel, dat die graf leeg was. Die ergste het boonop nog erger geword. Hy is nie net dood nie, maar dit wat ons nog gehad het, sy liggaam, dit wat ons darem nog kon sien is nou ook weg. Petrus en Johannes hardloop so vinnig soos hulle kan daarheen, sy is eintlik nie eers van plan om regtig dadelik terug te gaan nie. Die dood oorheers nou geheel en al! As sy weer by die graf terugkom dan is almal al weer daar weg. Johannes in verwondering oor hoekom die graf so netjies lyk, selfs die doek aan die kopkant is netjies opgerol.

Maria is egter deur haar baie trane oorweldig. Sy ween oor haar Here, oor hoe die graf nou binne lyk gee sy nie eers aandag nie. Al wat sy beleef is dat wat sy nog gehad het nou ook weg is. Sy wat helper wou wees, vir haar lyk daar nou geen helper te wees nie, maar die son sou daardie Sondag-oggend nie net sy strale oor haar nat-betraande gesig laat blink nie. Soos die eerste oggendlig nou werklik ook die graf binne begin belig, skielik sien sy hulle, twee manne wat daar sit. Vir haar lyk hulle soos manne, maar in werklikheid was hulle hemelse wesens, met skitterwit klere.

Hulle, hierdie engele vra haar, waarom sy so ween?! Haar hartseer is meer as wat haar woorde kon wees en al wat sy kan antwoord is dat hulle *my Here weggeneem het en ek weet nie waar het hulle Hom neergelê nie...*Hoe aangrypend om haar van mý Here te hoor praat... maar tog is dit ôn antwoord wat sy eintlik nie eers verwag hulle haar sal kan antwoord nie. Sy sou sommer weer wegdraai, nog vóór hulle weer kon praat. Sy glo dat alles is verby...in haar hart is haar hoop, haar vooruitsig, haar geloof nou ook weg, soos sy glo hulle haar Here van haar weggeneem het. Sy praat sonder om werklik te luister.

Ons weet broeder en suster, wanneer iemand by hierdie punt van moedeloosheid gekom het dan is dit eintlik ôn uiters gevaarlike punt. Is ons in ons geloof, in ons denke, in ons kerk-wees nie dikwels nou ook by hierdie punt nie? Baie dinge wat ons in hierdie deurmekaar wêreld, maar ook in ôn kerklike verband ons hoop, ons vooruitsigte, ons geloof wil ontneem. Hoe gebeur dit vandag, dit wat ons voor die Here doen, doen ons dit met oortuiging, met blydskap, met oorgawe, met ware lewende geloof, of is ons maar soekende, waar ons eintlik nie eers meer dink om te luister nie. Daar kan dalk baie gepraat word, selfs as die Here praat is daar maar min wat werklik luister. Is ek, is u een van hulle wat nie werklik in ons verwronge kerk-gedagtes vandag, seer dolerende treurende gemoed soekende MAAR eintlik soekend oortuig dat ek soek maar ek gaan nie vind nie...Dit is hoe dit lyk sy daar soekende is na Jesus. Soek na Hom maar eintlik klaar oortuig ek gaan Hom nie weer vind nie...

Van die engele na die tuinier, of dit is wat sy dink. Miskien weet Hy? Hierdie man vra haar dieselfde vraag. *Vrou, waarom ween jy...?*Ek soek ôn dooie Christus, meneer. Hy is hier begrawe gewees. Hoe belangrik tog om Hom nie by die dooies te soek nie! Ook nie in my en jou doodgewonde... sondige, ja ons dooie aard plaas Hom soveel makliker tussen die dooies as tussen die lewendes, want ons aard is in baie opsigte om veel eerder dood te wil maak as om met die lewe, die werklike dieper ewige lewe besig te wees.

Dan kom die geklank van haar naam, tuinklanke van die Een wat sy dink tuinier is, ja Hy is die Man van die tuin, in die paradys het Hy reeds nie as mens nie, maar as God skeppingsmiddelaar gewees van ôn nog wonderliker tuin, maar hier gaan dit nie oor

die tuin rondom haar nie, maar die tuin wat in haar moet kom. Net met die uitspreek van haar naam is dit genoeg. Maria- net soos wat Jesus dit kon sê! Die nuanse is dan presies sy stem...Die Here se woord is nog altyd skeppingsmagtig. ôn Enkele woord laat haar dit besef, sy word die eerste van alle mense, watter voorreg..., om Hom te sien as die opgestane Here. Hoekom aan haar, hoekom ook eerste aan haar.

Nie aan Maria sy ma, of aan ôn dissipel, of wie anders daar kon wees nie, maar juis sy?! Dit alles sekerlik waar ons by begin het. Sy wat in sonde geleef het, so groot die duiwel het sewevoudig sy intrek in haar gehad, sy wat van almal die beste weet wat dit waarlik is om verlos te wees. Haar droefheid was so groot, so maklik sou dit haar in haar sondes kon terugstort, maar hierdie eerste verskyning van Jesus is juis om aan haar en ons almal te betoon, dat waar jy nie die Here uit jouself kan vind nie, sal die Here jou vind. Sy het verkeerd gesoek, sy het ôn dooie Christus gesoek, sy was eers by die graf en toe by die tuin. Begin by die tuin dan hoef jy nie by die graf te wees nie.

Die tuin van lewe is waar ons na Christus se opstanding moet wees. Die Here wat lewe bring waar die dood was. Hy wil in jou en my dooie harte ook hierdie lewe uitstort. As dit met Maria gebeur dan is dit asof haar arms maar weer vasgryp waar sy al baie was by sy voete. Hou Hom vas, so bang om Hom nie weer te verloor nie. Oomblikke in tyd, die klein tydjies waarvan Jesus praat, verander hier in ewigheid...

Maar wat sy nie besef nie en wat ons ook moet onthou, daar is ôn groter tuin wat Jesus moes ingaan. Sy kan Hom nie wil vashou nie. Sy kerk wag op Hom... al wat sy moet wees, is om die eerste te wees om die boodskap van lewe aan sy dissipels te gaan oordra. Die lewe moet verkondig word. Moet nie Jesus probeer vashou nie, want Hy sal in alle geval nie weer van sy kinders verwyder kan word nie. Droefheid wat in blydskap sal kan verander het weliswaar waar geword. Die verslae en hulpelose kerk, ôn stukkende kerk wat op sy voete gehelp moet word.

Is u bereid daartoe...is u reg daarvoor? Dieselfde Sondag het Jesus nog 4X ander verskyninge gehad en tog nie anders as om by sy kinders dit wat werklik saakmaak duidelik te maak. By hierdie eerste verskyning gaan dit om geloofsgroei wat daar moet wees, by die tweede waarby ons DV volgende Sondag by kom is ware

geloofsvreugde wat daar moet wees, die derde verskyning daardie Sondag, aan Petrus in Judea gaan ten diepste om liefde wat moet liefde wek. Die vierde aan die Emmausgangers gaan om die ware lewensbeskouing, die vyfde wat die laaste van daardie Sondag was, gaan om wat is vrede werklik...geloofsvrede.

Mag dit so in u lewe gebeur dat nie een van die vyf ontbreek, mag dit wees dat dit begin waar dit by Maria begin het...geloofsgroei wat later kan word geloofsvrede. Dit sal alleen moontlik wees as u nou reeds daar saam met Maria in die tuin staan-Christus haar eintlik van Hom wegdruk...moet my nie vashou nie, dit lyk of Hy haar van Hom weghou, maar eintlik wil Jesus haar geloof laat groei. Sy word gewys op die voleinding. Moet nie stagneer by hierdie eerste ontmoeting na die opstanding nie, maar groei na die volmaakte. Haar geloof moet uitreik na waar haar liefde ook volkome sal wees. Sy wil nou vashou, aan haar Here vashou, terwyl sy self onvolmaak is in haar liefde. Eers wanneer die Here weer kom en in daardie heerlike toekoms wanneer alles dan volmaak herstel is, eers dan sal mens werklik, ook sy eers die volkome heerlikheid van God se volle nabyheid kan beleef. U leef nou ôn klein tydjie, mag dit wees ôn groei na hierdie volmaakte.

AMEN